GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

MEDIESE AANGELEENTHEDE

Ons wil u ten sterkste aanraai om u seun 'n "Booster" enting te laat kry teen Waterpokkies en Kinkhoessindroom. Griep-inspuitings word ook aanbeveel voor die wintermaande. Maak asseblief ook seker dat u seun se immunisasies op datum is.

BAIE BELANGRIK

1. Geen seun sal na 'n dokter geneem of gesien word sonder die ouers se toestemming
2. Geen seun mag sonder 'n mediese sertifikaat in die koshuis bly nie
3. Indien u nie 'n mediesefonds het nie, moet u self reël vir die medikasie

BEHANDELING:
EERSTE DING IN DIE OGGEND (06:00 – 06:30):

1. Indien 'n seun siek voel, kan hy of na matrone toe gaan of sy ouers bel om te hoor watter medikasie hy moet gebruik. Hy sal dan sy medikasie neem en skool toe gaan.
2. Indien 'n seun te siek voel om skool toe te gaan, sal matrone die ouers skakel en toestemming vra om die seun na die dokter te neem.
3. Indien die dokter medikasie voorskryf bestel matrone die seun se medikasie - gewoonlik by MEDI-BLOEM APTEEK (by Medi-kliniek) en hulle lewer baie vinnig af.
4. Die matrone sal getikte instruksies gee van hoe en wanneer om sy medikasie te drink.
5. Matrone stuur of neem die mediese sertifikaat na die skool

GEDURENDE DIE DAG, AAND OF NAWEEK

1. Geringe klagtes en beserings sal deur die Matrone behandel word, deur gebruik te maak van u seun se mediese voorrade.
2. Indien u seun verdere mediese behandeling vereis, sal die Matrone die ouers kontak vir toestemming om die seun na 'n dokter te neem.
3. Indien nodig, sal die onderwyser aan diens of die matrone, met die ouer se toestemming die seun na ongevalle toe neem.
4. Indien 'n seun beseer, siek of net nie lekker voel nie, kan hy sy ouers eers bel of hy kan direk na die Onderwyser aan diens of die matrone gaan (enige tyd van die dag of nag). Daar is altyd 'n diensrooster op die kennisgewingbord beskikbaar.
5. Alle ongevalle sal na die naaste hospitaal toe geneem word, dit is Medi-Clinic Hospitaal se ongevalle. In so geval sal die ouers/voogde dadelik verwittig word.
6. Indien u mediesefonds vereis dat u seun elders moet gaan, moet u asseblief dit vir ons aandui op die Koshuis mediesevorm en ook 'n alternatief daar stel. U moet asseblief u seun ook inlig
7. Indien u nie 'n medieseplan het nie, moet u dit op die koshuis-mediesevorm aandui en ook vir ons inligting gee oor wat ons te doen staan.

GEDURENDE DIE SKOOLDAG

1. Indien 'n seun by die skool siek word, moet hy na Me. Elsie Geeringh se kantoor gaan. Indien nodig, sal sy vir die seun 'n toestemmingsbrief gee wat dan deur die Huisvader geteken moet word om óf koshuis toe te gaan óf die terrein te verlaat om na 'n dokter te gaan. Indien die seun koshuis toe gaan, moet hy direk na die Koshuismoeder gaan. Sy sal vasstel hoe die seun behandel moet word en of hy dokter toe moet gaan.
2. U mag van enige dokter van u keuse vir u seun gebruik maak. Die Koshuis maak merendeels gebruik van die medici die naaste aan die skool. Hierdie sluit in Mimosa Mediese Sentrum (051-444 5820) - Ons maak meestal van hierdie dokters gebruik. Dokters by Medi-Clinic Hospitaal; College Crossing – 3 dokters, 8 tandartse en 'n mondhigiënis), Tandartse Dr Combrinck en Dr Marx is by MediClinic beskikbaar. (Raadpleeg asseblief die Koshuisvervoerbeleid.)
3. Vir afsprake by tandartse en fisioterapeute moet deur ouers of kosgangers self gemaak word. Indien nodig, sal die Matrone behulpsaam wees.
4. Om so min moontlik inbreuk op u seun se skool- en sportprogramme te maak, beveel ons aan dat roetine-ondersoeke soos tandsorg gedurende skoolvakansies gedoen word.
5. Datums en tye van afsprake moet so spoedig moontlik aan die Matrone deurgegee word. Nie-dringende of roetine-opvolgafsprake moet verkieslik 'n week voor die tyd aan die Matrone gerapporteer word om vervoer te reël. Aangesien die Matrone en Personeel van Murray-Huis u seun na en van verskillende afsprake neem (dokters, tandartse, fisioterapeute, ens.), sal ons dit egter waardeer indien die afsprake in die nabye omgewing van die Skool gemaak sal word.
6. Raadpleeg asb. die koshuisvervoer-beleid
7. Reëlings vir die vereffening van alle mediese en apteekrekeninge moet persoonlik deur ouers/voogde met die diensverskaffers getref word. Personeel van Murray-Huis sal ongelukkig geen vervoer kan verskaf indien ons nie die Toestemming en Vrywaringsvorm op 15de Januarie 2024 ontvang het nie. Hierdie vorm word saam met die Murray-Huis Mediese-vorm ingehandig.
8. Ouers/Voogde/Familielede mag privaatvervoer verskaf, solank die Matrone vooraf daarvan ingelig is.
9. Grey Kollege bied die dienste van 'n voltydse opvoedkundige sielkundige. U kan die skool se sekretaresse skakel om meer omtrent hierdie dienste uit te vind.
10. Baie belangrik: Koshuisseuns moet 'n mediese sertifikaat ("sieke brief") van 'n mediese praktisyn verkry indien hy gedurende skoolure in die koshuis moet wees. Dit moet asseblief aan die Matrone gegee word.

APTEEK

Ons beveel ten sterkste aan dat u 'n rekening by 'n apteek sal oopmaak ten einde addisionele onkostes op sodanige rekening te plaas. Dit sluit in bybetalings op voorskrifte en self-medikasie.

Ons versoek dat u ook die nommer van die apteekrekening op die Koshuis Mediese-vorm sal aandui. Hoewel dit u voorreg bly om 'n apteek van u keuse voor te stel, is dit noodsaaklik dat sodanige apteek bereid sal wees om spoedige aflewerings te doen.

Derhalwe beveel ons die goeie diens en spoedige aflewerings van medi-bloem apteek ten sterkste aan. Die apteek is by Medi-Clinic geleë, wat baie naby aan die koshuis is.

Indien u nie 'n rekening by 'n apteek in Bloemfontein het wat aflewerings doen nie, sal u as ouer/voog daarvoor verantwoordelik wees om reëlings te tref vir die betaling en aflewering van elke voorskrif gedurende die jaar.

MEDI-BLOEM APTEEK (by Medi-Clinic Hospitaal, naby Grey Kollege):
Apteker: André du Toit
Tel: 051 444 2311 / 083 406 6255
E-pos: medibloem@cks.co.za

VOORGESTELDE MEDIKASIE

Wat betref die mediese tassie, stel ons voor dat u eie diskresie gebruik.

Afgesien van u seun se kroniese medikasie, beveel ons aan dat u ook die volgende voorkomende medikasie (of soortgelyk) inpak:

Immuniteit-aanvulling	Vita-Thion, Airmune
Pyn en koors	Mypaid Forte / Panado's / Mybulen
Hoes Medisyne	Prospan
Allergieë	Texa / Allergex (of enige nie-lomerige medikasie)
Sinus	Sinumax / Advil ACC 200 / Mucospect / Amuco
Naarheid	Valoid / Clopamon / Contramet
Diarree	Diacline / tasectan / geen immodiums of soortgelyke pille
Buik-spasmas	Scopex / Buscopan / Bevispas
Seer keel	Strepcils / Andolex C
Jel vir seer spiere	Voltaren Gel / Transact
Antibiotiese salf	Bactroban / Germolene
Skoonmaak van wonde	Saline / Wond-ontsmettingsmiddel
	Mercurochrome
	1 x 10 x 10 cm gaas
	1 x verbande – Coban
NB!! PLEISTERS	2 x boksies van verskillende groottes
BELANGRIK	5 x sakkies Rehydrate (nie grape nie)
BELANGRIK	Sonbrandroom vir daaglikse gebruik

KOSHUIS PERSONEEL - VERVOERBELEID

Elke matrone het daagliks ongeveer 120 seuns onder haar toesig. Bo en behalwe haar daaglikse pligte is sy ook verantwoordelik vir die vervoer van koshuisseuns na en van verskeie mediese afsprake, daarom bring ons graag die volgende onder u aandag:

VERVOER WORD VERSKAF NA DIE VOLGENDE MEDIESE PRAKTYKE:

1. **DOKTERS**: Mimosa Mediese Sentrum; Medi-Clinic; College Crossing, of dokters binne 'n radius van 2km. Matrones vervoer wel seuns wat na spesialiste verwys word, Bv die by verskeie hospitale en mediese-sentrums

2. **APTEKE**: Medi-Bloem Apteek of College Crossing Apteek.

3. **FISIOTERAPEUTE**: Jaco Colyn is pouses en ná skool in die gimnasium op die skoolterrein beskikbaar. Anna Swanepoel Fisioterapeute, of binne 'n radius van 2km val.

4. **SPORTSBESERINGS-DOKTER**: Dr. Gerhard Jansen by die UVS

5. **BIOKINETIKUS**: Stephan Uys – regoor Medi-Clinic se hoofingang

6. **TANDARTSE**: College Crossing, Dr Combrink en Dr Marx by Medi-Clinic of enige ander binne 2km-radius.

7. **ORTODONTIS**: Dr Mussman, Dr Mogoregi of enige ander ortodontis binne 2km-radius.

8. **SIELKUNDIGES**: Grey Kollege maak gebruik van die dienste van 'n sielkundige op die skoolterrein. Matrones vervoer seuns slegs wanneer verwys word.

9. **MEDIESE AFSPRAKE DEUR OUERS GEMAAK** moet 24 uur voor die tyd deur seuns of ouers aan die matrones gekommunikeer word. Indien nie, is dit die ouers se verantwoordelikheid om vervoer te reël of te verskaf.

10. **DAAGLIKSE MEDIESE AFSPRAKE** sal nog steeds deur Matrones gedoen word (met ouers se toestemming).

11. Geen matrone en/of personeel verskaf vervoer na of vanaf winkels, busse, lughawens ens.

Dit staan u vry om van enige ander mediese fasiliteite of dokter gebruik te maak,
maar die nodige reëlings en vervoer is u verantwoordelikheid.